VERVOLG VANAF BLADSY 1

oefendag, was daar heeltemal te veel oge.

Eers later, toe dié klein meisietjie haar sweetpakbaadjie aantrek en haar arm deur die mou steek, sien ek dit toevallig raak. Sy het net een hand. Haar ander handjie is af.

Weg. Skoonveld. Nie daar nie. Net 'n stompie sit waar haar vang-instrument moet sit.

Haar gooi-instrument, haar opstoot-stut, haar touspring-hefboom. En Amelia het nie 'n woord gesê nie. Nie 'n dooie een nie.

Sy't net gedoen. Plan gemaak. En stilgebly.

Amelia se handjie is op twee jaar oud deur 'n worsmasjien afgekap. Haar ma-hulle het later vir haar 'n prostese gekry, wat sy weggegooi het omdat dit haar "terughou". So is sy die lewe in. Sy was later hoofmeisie en studeer vandag vir 'n graad in ingenieurswese.

Wanneer sy moes vang, het sy dit met een hand gedoen. En sy het nie die bal laat val nie.

Wanneer sy moes opstote doen, was dit op haar stompie. Wanneer sy moes touspring, het sy die tou om haar stompie met haar tande en ander hand vasgeknoop.

Ek het later nie eens meer onthou sy het net een hand nie. Want sy't my maak vergeet.

***Marlene Jordaan – Volksblad, 8 Februarie 2012***

*Om in SNUFFELGIDS te adverteer, kontak André by fourieaj@hotmail.com. Voorleggings vir plasings moet nie later* ***nie as die Maandag vóór Sondag se erediens ontvang word.*** *Hierdie diens is slegs vir gemeentelede. Donasies om drukkostes te dek welkom.*
*Indien enige advertensie onduidelik is of probleme word ondervind om die adverteerder te kontak, tree in verbinding met die Kerkkantoor by noordwyk@sagemeente.com*

FOTO: PORT ELIZABETH



# Snuffelgids

22 APRIL 2012

## TOE IS HAAR ANDER HANDJIE SKOONVELD

**IN die dae toe ek nog netbal afgerig het, het ek altyd nadat proewe gehou is, my finale spankeuse se name met gemengde gevoelens op die kennisgewingbord gaan plak. Wanneer 'n mens se span** uitgesorteer is, doen 'n mens mos wat 'n *coach* moet doen: Leef met jou keuses saam. Soms wil jy jou keuses vermoor en ander kere wil jy hulle oorsee vat vir 'n vakansie, só trots is jy op hulle.

Ek het Amelia (nie haar regte naam nie) die eerste keer gesien toe sy as 'n o.14-meisietjie by my aangemeld het vir netbaloefening. Sy het vir my maar net soos die dertigtal ander giggelende o.14's gelyk.

Op daardie eerste dag het ek hulle laat hardloop, opstote en opsitte doen, touspring, balle gooi en vang. Die gewone, geykte netbaldinge. Ek het geraas en bemoedig en geprys, net soos enige netbaljuffrou maar op so 'n gewone dag doen. En Amelia neem deel, en sy speel, en as asems begin jaag en opgee naby lê, moedig sy haar maatjies aan. "Kom kom, girls, nog bietjie, nog bietjie!" Ek luister maar altyd so half onderlangs, want die leiertjies moet gou geïdentifiseer word, vir latere verwysing. Nog steeds het ek niks anders aan Amelia opgemerk nie. My oog het hare nie eens getref nie, want op dié eerste

VERVOLG OP BLADSY 4

## GLIMLAG...

My dogter ry 'n bakkie wat om een of ander duister rede soms glad nie aanskakel nie. So gebeur dit verlede week tydens die hittegolf in Pretoria en sit sy baie lank in die bakkie met 'n baba van nege maande en twee jong seuntjies.



Terwyl ons op die grasperk sit en my dogter bietjie in die swembat afkoel terwyl ek 'n ogie oor die baba hou, vertel die klein Hardus (5) my van die voorval waar sy mamma so met die bakkie gesukkel het by die winkel. Sonder om na te dink, sê ek vir hom; "Dis jammer julle het nie vuurhoutjies gehad nie". Toe die woorde uitglip, dag ek by myself dis miskien nie 'n grap om met 'n klein seuntjie te maak nie. Netnou kry hy vuurhoutjies in die hande. Antwoord hy: "Nee, daar was drie outjies wat ons kar gestoot het". Ek sit nog so by myself en dink diè kind is nogal skerp om só 'n antwoord uit te dink toe my dogter uitbars van die lag. Sy weet te vertel dat inderdaad drie motorwagte haar kom help het om die bakkie weer aan die brand te stoot. Die onskuld van 'n kind!

***Aniki - EgAfrikaans***

## ADVERTENSIES

**BRAAIHOUT: SUID- AFRIKA/SUIDWES: VOORAFBETAALDE DEELVRAG**
Ek beplan om weer so 26.5 ton braaihout in te voer vanaf Suid- Afrika . Die hout is vir eie gebruik en nie herverkoop nie. **Tipe**:Mopanie/Sekelbos. **Verpakking** : 20kg sakke. **Prys** :£11.50 - £12 per sak, geland by sentrale optelpunt. **Voorwaardes** : Minimum 50 sakke , voorafbetaalde deelvrag - kwota moet gevul wees voor bestelling kan voortgaan. Vir verdere inligting kontak: Hendrik die Houtman by 07846014290 / houtman001@gmail.com

**WIL JY MEER BETAAL WORD VIR DIE WERK WAT JY DOEN?**
Werk jy tans as kontrakteur/sub-kontrakteur? Kry **meer as 88%** in jou bank na alle belasting, NI en aftrekings. Voldoen aan HMRC-riglyne en -regulasies vir "Ltd Company"-struktuur. Kontak my gerus vir verdere inligting en illustrasie. **Merk jou epos: Ltd Company** . Louis Koch, 07786 780 354, Lvskoch@hotmail.com

**SA POLISIEKLARINGS-SERTIFIKATE**
Ons verskaf 'n diens om SA Polisieklarings-sertifikate te verkry. Vir meer inligting skakel of e-pos **Melanie by dkpinvestigations@yahoo.co.uk / 07404131383.**

**SOEK IEMAND BETROUBAAR IN LONDEN OM JOU HUIS TE VERHUUR?**
As jy 'n eiendom in Londen het wat uitverhuur en bestuur moet word, kan ons jou help. Ek bestuur reeds sedert 2009 my eie portfolio in Londen en het so pas die diens vir 'n beperkte aantal kliënte oopgestel. Kontak my gerus vir meer inligting en ons fooie. **Christoff van Wyk - Sel: 075158 14527. Epos: cfvanwyk@gmail.com**

**HUISHOUDELIKE GASWERK**
Sluit in nuwe installasies. herstelwerk, diens, ens. Gas Safe-registrasie. Hele Essex en Londen-area. **Kontak Johan: 07709206971.**

## WEN WEN WEN!!!!

Vind die doelbewuste fout in vandag se Snuffelgids en wen volgende keer **'n pak DROEWORS.** Iets is weggelaat, of verkeerd gespel of verkeerd aangehaal. Iets is fout. Daar mag, onbedoeld, meer as een fout wees. **Stuur jou antwoord aan: fourieaj@hotmail.com en merk dit SNUFFELGIDS-FOUT.**

**PRYSE GEBORG DEUR BILTONG DIRECT: WWW.BILTONGDIRECT.COM 01268 685728**

**VERLEDE KEER SE FOUT: slaapteit in plaas van slaaptyd (Daar was ook 'n onbedoelde tikfout: pafgee in plaas van pakgee).**

Annique Health and Beauty UK and Ireland. Bestel **Annique-produkte** per foon, e-pos of op die webblad. Ek bring dit sommer Sondag kerk toe - geen posgeld! **Louise Schultz 07726926798 of 01375 481586. E-pos: louise@annique-uk.com www.annique-uk.com**

## EK SAL JOU WEER VIND

*God is getrou, Hy wat julle geroep het om verenig te lewe met sy Seun, Christus Jesus, ons Here (1 Korinthiërs 1:9)*

Die bekende geestelike en filosoof Ken Wilber was maar vyf jaar getroud toe sy vrou, Trya, aan kanker oorlede is. In sy "Memoirs" vertel hy aangrypend van hulle laaste oomblikke saam. Vir hom staan dit uit as een van die teerste oomblikke van sy lewe.

Sterwend, maar met genoeg krag om nog te praat, het sy hom in hierdie laaste oomblik herinner aan 'n belofte wat hy op hulle troudag aan haar gemaak het. Terwyl hulle destyds voor die altaar gestaan het, het hy saggies en half skertsend in haar oor gefluister: "Waar was jy al die jare? 'n Leeftyd lank soek ek al na jou. Ek moes drake oorwin om jou te kry, weet jy dit? Maar nou het ek jou uiteindelik gevind – en as enigiets met ons gebeur, wéét dit: Ek sal jou weer vind." Met dié woorde en sy belofte om haar te vind, wat ook al gebeur, het Wilber destyds sy liefde en trou aan haar verklaar. Daarheen het sy hom nou, in hulle uur van afskeid, terug geneem. Sy woorde het haar 'n gevoel van veiligheid gegee, asof die wêreld in orde was as hy sy belofte sou nakom. Vir oulaas het sy dus na hom toe gedraai: "Jy het beloof dat jy my weer sal vind?" "Ek het dit beloof, ja", het hy instemmend geantwoord. "Vir altyd en altyd?". "Ja, vir altyd en altyd!"

Die herinnering aan hierdie laaste gesprek tussen Wilber en sy vrou het op Paasoggend skielik by my opgekom. Want is dit nie ook die belofte waaruit ons as gelowiges mag leef nie – dat die opgestane Heer ons sal vind, maak nie saak wát met ons of met ons familie op die pad van die lewe gebeur nie?

Wat 'n kort, maar troosryke woord!

**Here, hoe kan ons U dank vir hierdie belofte: dat U ons weer sal vind, ook anderkant die graf! Ons buig alleen maar in aanbidding. Hoor vandag weer ons lof en dank. Amen.**

*Carel Anthonissen*